

Herhaling van woorde in die Bybel, bv Voorwaar, Voorwaar – Hermie van Zyl

Philna vra:

Wat is die betekenis van die herhaling?

Antwoord

Prof Hermie van Zyl antwoord:

Verdubbeling en herhaling van woorde en begrippe kom baie in literatuur voor en het 'n retoriese effek, wat telkens kontekstueel vasgestel moet word. Byvoorbeeld (om net by die Bybel te bly), in Genesis 1:27 word die woord "geskep" drie keer herhaal om te beklemtoon dat net God die vermoë het om uit niks, iets te skep, en dat die mens geskep is om God se beeld te verteenwoordig. In Jesaja 36:4-9 word die woord "vertrou(e)" telkens herhaal om aan Hiskia die boodskap tuis te bring dat hy slegs op die Here moet vertrou. En, om nie meer voorbeelde te noem nie, in Lukas 10:41 spreek Jesus vir Marta aan as "Marta, Marta", waardeur Hy kennelik Marta se aandag daarop wou vestig dat sy nie so bedrywig moet wees met die goeie dat sy die beste nalaat nie, naamlik om Jesus se dissipel te wees.

In die onderstaande uiteensetting fokus ek egter net op die voorbeeld wat ons vraagsteller noem, naamlik die herhaling van "voorwaar".

Die Griekse woord wat "voorwaar" onderlê, is "amen". Op sy beurt is dit 'n oornam van die Hebreeuse woord "amen" vanuit die Ou Testament, wat "sekerlik" of "dit is so" beteken. In die Afrikaanse Bybels word "amen" op verskillende maniere vertaal. In die 1933/53 Vertaling is dit "voorwaar", in die

1983-Vertaling is dit “Dit *verseker* ek julle”, in die Nuwe Lewende Vertaling (2011) is dit “Ek *verseker* julle”, in Die Boodskap is dit “Julle moet nou mooi luister”, en in die Afrikaanse Standaardvertaling (2014) asook die onlangse Direkte Vertaling (2020) word dit onvertaald gelaat: “Amen”. Laasgenoemde Vertaling het ’n verduidelikende voetnoot by wat lui: “ ’n baie sterk bevestiging van sekerheid”. (’n Enkele keer in die Afrikaanse Standaardvertaling word “amen” met “*Waarlik*, Ek sê vir julle” vertaal.)

“Amen” word in verskillende kontekste in die Bybel aangewend: om instemming te betuig (Num 5:22), om ’n seënwen of lofuitspraak te bevestig (Ps 41:14), om ’n gebed mee af te sluit (1 Kor 14:16), en om die beloftes van God te bevestig of toe te eien (2 Kor 1:20). In die Evangelies kom dit baie voor in uitsprake van Jesus om te bevestig of te *verseker* dat iets vasstaan (bv Matt 5:18). Dit word so baie deur Jesus gebruik dat geleerdes dit as tiperend van die aardse Jesus se optrede aanmerk.

Die interessante verskynsel is verder dat in die eerste drie Evangelies waar “amen” voorkom in Jesus se uitsprake, dit met slegs één “amen” ingelui word, maar in die Johannesevangelie word dit konsekwent met ’n *dubbele* “amen” gedoen, byvoorbeeld Johannes 1:51 (en nog in vier en twintig ander gevalle in Johannes). Nie al die Vertalings bring egter die onderskeid tussen die enkel en dubbele amen na vore nie. In die 1983-Vertaling word beide die enkel en dubbele “amen” met “Dit *verseker* ek julle” vertaal, en in die Nuwe Lewende Vertaling met “Ek *verseker* julle”, maar in die 1933/53-Vertaling respektiewelik met ’n enkel en dubbele “voorwaar”, en in die Afrikaanse Standaardvertaling asook die 2020-Vertaling met ’n enkel en dubbele “amen”. Dit het daarmee te doen dat die 1933/53-Vertaling, die Afrikaanse Standaardvertaling en die 2020-Vertaling *letterlike* vertalings is, terwyl die 1983- en Nuwe Lewende Vertaling meer *dinamies-ekwivalent* is wat nie daarop uit is om elke woord afsonderlik te vertaal nie.

Die vraag is waarom die Johannesevangelie die "amen" telkens verdubbel, maar die eerste drie Evangelies nie. Daar is kennelik nie 'n diep betekenisverskil hierin tussen die Evangelies nie. Almal wil so die gewigtigheid van Jesus se woorde beklemtoon, dat dit belangrik en seker is, en vasstaan. 'n Mens kan jou daarop verlaat. Maar die feit dat Johannes konsekwent die dubbele "amen" gebruik, dui tog daarop hy dit as 'n besondere aandagtrekker of merker benut. Die vraag is net, merker van wat?

Eerstens kan mens sê dat hierdie dubbele amen altyd as 'n merker in verband staan met wat volg, maar ook met wat voorafgaan. Dit bind die voorafgaande met die belangrike woorde wat volg. Byvoorbeeld, in Johannes 6:26 roep die dubbele amen-uitspraak die voorafgaande gebeure in herinnering waar Jesus die brood vermeerder het. Maar wat dan volg, is waar Jesus verduidelik dat Hy Self die brood van die lewe is. Die dubbele amen is dus 'n retoriese merker wat lei tot 'n dieper teologiese insig omtrent Jesus as wat bloot uit die broodwonder afgelei kan word.

En dit lei na die tweede punt, naamlik dat hierdie dubbele amen altyd die aandag wil vestig op die persoon van Jesus as die Een wat die Vader openbaar. Die Johannesevangelie lê baie klem op Jesus as één met die Vader, van die begin af, en dat wat Jesus sê en doen, volledig in ooreenstemming is met die Vader en sy wil (vgl Joh 8:26-29; 14:1-14). Jesus is die Woord van God (Joh 1:1); Hy is die Amen (Op 3:14; vgl 2 Kor 1:19-20). Jesus verseker ons dus met die dubbele amen dat God volledig saamstem met wat Hy (Jesus) sê en dit ook waarborg. Verskeie geleerdes het daarop gewys dat die dubbele amen-uitsprake in Johannes eintlik 'n Christologie in 'n neutredop vorm. Daarmee word bedoel dat as mens hierdie uitsprake wat met 'n dubbele amen ingelui word se inhoud bestudeer en sistematiseer, dan kan mens 'n hele leerstellige argument opbou oor wie en wat Jesus is, veral in verhouding tot die Vader.

Om saam te vat, hoewel bloot die woord “amen” nie in *betekenis* verskil tussen die Evangelies nie, wil dit tog lyk of die *funksie* daarvan in die Johannesevangelie ietwat verskil van die eerste drie Evangelies. By Johannes is die dubbele gebruik daarvan 'n merker wat die leser se aandag wil vestig op die identiteit van Jesus as één met die Vader, dat Hy die gesaghebbende openbaarder of bekendmaker van die Vader en sy wil is.

Skrywer: Prof Hermie van Zyl

Amos (17) – Francois Malan

Amos 8:7-8

8:7 Die HERE het by die trots van Jakob gesweer, 'Voorwaar, Ek sal al hulle dade tot in ewigheid nie vergeet nie.'

Dit is die derde keer dat die HERE 'n eed aflê: in 4:2 by sy heiligheid, dit is by sy heilige wese; in 6:8 by sy siel/lewe, by Homself, die Ek is van Exodus 3:14. Hy het gesweer dat Hy die trots, die hoogmoed van die afstammeling van Jakob verafsku, hulle paleishuise haat, en hulle daarom in ballingskap stuur; hier in 8:7 sweer Hy by die voortreflikheid van Jakob, egter nie by hulle bose dade nie, maar dat Hy hulle misdade, wat in verse 4-6 beskryf word en ingelei is met 'luister hierna,' in ewigheid nie sal vergeet nie. Die HERE sweer hier by die uitsonderlike posisie van Israel as die HERE se uitverkorene onder die volke (Amos 3:2). Dat hulle die HERE se volk is, is sy trots, wat hulle gekrenk het met hulle bose dade. Hulle lewenswyse het 'n totale ontkenning van

hulle besondere posisie geword. Daarom gaan Hy hulle in ballingskap verstrooi onder die volke. Die trots van die HERE sal vervul word deur Jesus aan die kruis, uit die nageslag van Abraham (Matt 1:1). Met Abraham het die HERE sy verbond gesluit, in wie al die volke van die aarde geseën sal wees (Gen 12:2-3). Jesus kom neem die sonde van die wêreld op Hom (Joh 1:29); die Heilige Gees oortuig mense uit alle volke oor Jesus en verander hulle om soos Jesus te word (2 Kor 3:17-18). Die HERE se uitverkiesing van Israel sal dan vervul word deur sy Seun en almal wat aan sy Seun verbind word in geloof (Ef 1:4).

Die korrupte trots van Jakob, hulle korrupte daade, sal die HERE egter in ewigheid nie vergeet nie. Dit bly 'n permanente bedreiging van die ware trots van die HERE. Daarom moes Israel verdwyn, opgaan in die heidendom waarin hulle inwendig lankal gelyk geword het. Later sal hulle saam met die heidene geroep word.

Die tweede uitspraak – die aardbewing (Amos 8:8)

8:8 'Sal die aarde nie hieroor skud en elkeen wat daarop bly, nie treur nie? Dit sal in sy geheel styg soos die Nyl, dit sal ontstuimig wees en terugsak soos die rivier van Egipte.

LXX 'En sal die aarde nie opgeroer word oor dié dinge nie en elkeen wat daarin woon treur nie?

En vernietiging opstyg soos 'n rivier en sak soos die rivier van Egipte nie?

Die tweede uitspraak van die HERE is 'n retoriese vraag waarop nie 'n antwoord verwag word nie. Die straf van die HERE 'hieroor' verwys na die oortredings wat in verse 4-6 uitgespel is, wat die HERE nooit sal vergeet nie (vers 7). Die HERE se straf word vergelyk met 'n geweldige aardbewing (vgl. 1:1). Die hele aarde gaan styg, skud, en terugsak. Die Nyl styg in die reënmaande tot oor sy walle, met water wat alles meesleur, en sak dan weer . So gaan die aarde

oplig, skud en terugsak binne enkele minute. So word hele gebiede platgevee. Die inwoners sal treur oor al hulle paleishuise en besittings wat met kullery en verdrukking van die armes verkry is, en deur die aardbewing verwoes is (3:15; 6:11). Elkeen wat sy rug op die HERE draai en die reg in die samelewing verdraai, trek die aarde en sy inwoners die verderf in.

Twee jaar ná Amos se optrede was daar 'n aardbewing (Amos 1:1). Met Jesus se sterwe en opstanding was daar aardbewings (Matt 27:54; 28:2). Die aardbewing in Filippi het die tronkbewaarder tot geloof gelei (Hand 16:26). In die eindtyd skeur die magtigste aardbewing die bese stad Babilon ('Rome' as verteenwoordiger van die bese stede van die wêreld, Openb 16:18). Aardbewings is nog nie die einde nie, maar die begin van die nuwe tyd (Matt 24:7-8).

Die derde uitspraak – 'n dag van duisternis en rou (Amos 8:9-10)

8:9 'Op daardie dag – is die Godspraak van my Heer, die HERE – 'sal Ek die son laat ondergaan (letterlik 'inbring) op die middaguur, en helder oordag sal Ek dit donker maak op die aarde.

8:10 En Ek sal julle feeste verander in 'n tyd van rou (2020: 'n rouplegtigheid) en al julle liedere in klaagliedere (2020: treursange), en om alle heupe 'n sak (2020: 'n roukleed) hang en op elke kop 'n kaal plek maak. Ek sal dit soos 'n rouplegtigheid vir 'n enigste kind maak en die einde daarvan soos 'n bittere dag.

Na die aardbewing in vers 8 volg die duisternis in vers 9. Die aarde sal geen vastigheid bied nie, en die hemel geen lig nie. In 8:3 word dit ook genoem 'daardie dag;' in 5:18 'die Dag van die HERE met duisternis en geen lig nie.' Die HERE se oordeel word hier met twee beelde beskryf: duisternis (vers 9) en rou (vers 10). Die klem lê egter op die HERE wat dit bewerk – 'Ek' word vier keer gebruik en word

ingelei met 'is die Godspraak van my Heer, die HERE'.

Op die dag van Israel se einde, waaroor die tempelsangers (8:3) en die mense van die aarde (8:8) almal sal treur, sal die

hemel saam treur (soos Jesaja 50:3 later ook sê). Die son word 'ingebring,' soos die Skepper volgens 5:8 die dag sal verduister tot nag; 5:18,20: die dag van die HERE bring donker, nie lig nie. Die son sak skielik in die middel van die dag. Vir dié wat nie tot bekering kom nie, sal die son van voorspoed op die middaguur ondergaan.

Die profesie is waarskynlik gelewer tydens die nuwemaan se herfsfees wat Jerobeam I ingestel het (1 Kon 12:32). Die HERE vervang die mooi klere van die feesgangers met sak om almal se heupe, en skeer almal se koppe kaal; albei tekens van rou, en Hy vervang skielik op die middaguur hulle feesliedere met treursange, soos in 5:1 voorspel. Die HERE dompel die hele volk in rou soos gerou word oor 'n enigste kind, wat die laaste hoop op 'n nageslag en 'n toekoms vir Israel is. Die rouplegtigheid se einde is 'n bitter dag waarop die rouklaers as ballinge uit hulle land aangejaag word (4:2-3; 5:5). In Egipte was die negende plaag drie dae pikdonker (Eks 10:21-22) voor die dood van die eersgeborenes (Eks 12:29-30) voordat Israel uit Egipte verlos is. Nou gaan dieselfde rampe vir Israel tref.

Die duisternis en rou is beelde van die verwoesting wat die HERE binne dertig jaar na Amos se profesie gaan aanrig deur die Assiriese leërs in Israel van 732-722 v.C. Hulle het die land stelselmatig ingeneem, baie mense doodgemaak en die res in ballingskap weggevoer (2 Kon 17:6).

Die finale einde is egter die groot Dag van die HERE se oordeel met Jesus se wederkoms. Dan word die aarde geskud, die son word swart (Openb 6:12-17; vgl. 2 Petr 3:10-13) en gelowiges en ongelowiges word van mekaar geskei (Matt 13:30; 25:32,45). Jesus het uitgeroep: 'Wie My verwerp en nie

my woorde aanneem nie, het iets wat hom veroordeel:
die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom op die laaste dag
veroordeel' (Joh 12:48).

Skrywer: Prof Francois Malan

Amos (16) – Francois Malan

'n Mandjie vrugte (die vierde gesig, Amos 8:1-3)

*8:1 'So het my Heer, die HERE vir my laat sien en kyk! 'n
mandjie somervrugte (veral vye).'*

2020: 'dit' vir 'so;' LXX het 'n voëlvanger se mandjie;

Waarskynlik was dit die laaste mandjie ná die vrugte eintlik
al af is, die teken van die einde van die oes. Dit wek die
verwagting dat die nuwe seisoen gaan aanbreek. Die laaste
mandjie word dan na die tempel gebring as offer vir
voorspoed vir die nuwe oesjaar – die dag van die HERE waarna
hulle uitsien.

*8:2 'Hy vra vir my: Wat sien jy Amos? En ek sê: 'n mandjie
somervrugte.*

En die HERE sê vir my: die einde het gekom vir my volk Israel.

*Ek gaan nie voortgaan om hulle oor te sien nie.' (2020: by
hulle verby te gaan nie)*

Hierdie beeld is nie 'n simboolvisioen soos by die vorige drie
gesigte nie, maar 'n woordspelvisioen. Die Hebreeuse
woord vir somer (qājits) klink soos die Hebreeuse woord vir
'einde' (qēts), die einde van die lewe van 'n persoon, hier
van 'n volk. Hier sê die HERE die einde van Israel as 'my
volk' het gekom. Soos die mandjie ryp vrugte is Israel se

ondergang ook ryp (vgl. Matt 13:39 die oes is die voleinding van die wêreld). Terwyl die derde visioen van die skietlood verduidelik het dat die HERE vir Israel nie langer sal oorsien nie (7:8) wys die vierde visioen die verskriklike gevolg daarvan. Die HERE het finaal besluit om 'n einde te maak aan Israel se volksbestaan. Met die byvoeging 'my' by die volk Israel word die smarte gehoor wat dit vir die HERE veroorsaak om die einde van sy volk aan te kondig.

*8:3 'Op daardie dag moet die tempelsange weeklaag,' is die
Godspraak van my Heer, die HERE,
Hy gooi baie lyke op elke plek neer. Wees stil!*

Die Hebreeuse woord sjirōt 'sange' word nie elders gebruik nie en word deur 2020 beskou as sjārōt 'sangeresse' omdat 2020 hekāl wat tempel of paleis kan beteken as paleis vertaal; LXX lees iets soos sjōrōt 'plafonne van die tempel' wat die dag moet weeklaag.

'Daardie dag' verwys na die dag van die HERE waarvan 2:16; 5:18-20 sê dat dit vir Israel nie lig nie, maar duisternis bring. Die Godspraak beskryf Israel se einde as 'n begrafnis waar Bet-El se tempelsange 'n geweeeklaag word. Amos gee die rede daarvoor. Hy sien die baie lyke wat die HERE op baie plekke in die land neergegooi het – die passiewe vorm van die werkwoord veronderstel dat dit die HERE is wat dit doen of laat doen. Dit word waarskynlik deur 'n vyandige leër gedoen (waarskynlik deur die leërs van Assirië wat vir Israel tussen 733-722 v.C. uitgeroei het; vgl. 2 Kron 5:26 en 2 Kon 17:6). Dat die lyke orals lê, is 'n skande omdat hulle nie begrawe word nie. Waarskynlik sal die lyke deur die vyandelike leërs op die slagveld gelos word. Dit is ook 'n aanduiding van 'n grootskaalse uitwissing van die bevolking, waarvan Amasia se kinders 'n voorbeeld is (7:17).

Die opdrag om stil te wees in dié omstandighede waar die dood sy rondte doen, is om nie die vyand se aandag te trek na enkeles wat nog lewe nie (soos in 6:10). Alles wys na 'n

onbeskryflike ellende wat Israel sal oorval. Die finale oordeel

oor Israel se sondige lewenswyse is deur die HERE aan sy dienskneg Amos geopenbaar. So het Jesus ook die ewige straf vir die mense wat Hom nie as hulle Verlosser wil aanneem nie, geopenbaar (Joh 3:18-20; Matt 25:41,48).

Godsprake oor die einde (Amos 8:4-14)

Tussen die vierde gesig wat Amos gesien het en die vyfde in 9:1-7, is vyf uitsprake van God ingevoeg. Dit is uitbreidings oor die einde vir Israel, wat in die vierde visioen aangekondig is.

Die eerste uitspraak – die lewe van die rykes (Amos 8:4-6)

8:4 Luister hierna, julle wat daarop uit is om op die behoeftiges te trap en die weerloses van die land uit te wis.

Die eerste uitspraak begin met 'n oproep om te luister na die uitspraak van die HERE. Israel se voorspoed in die tyd van Jerobeam II is deur die rykes genadeloos misbruik. Samaria se markplein, waar die besigheid gedoen is, is die mees waarskynlike plek waar Amos die uitspraak van die HERE uitbasuin het.

Die woord sj' af wat met 'trap op' vertaal is soos in LXX, hou ook in om hulle met 'n skelmstreek te vang. Amos praat hier met 'n groep wat besig is om die swakkeres in die samelewing te druk totdat hulle niks het nie. Dit het reeds geblyk

uit 2:6-8; 5:7,11-12. Hulle onderdrukking van die armes beteken dat hulle nie lewe soos die volk van die HERE nie. Eintlik is hulle besig om die einde van hulle bestaan as volk van die HERE te verhaas omdat hulle lewe nie die beeld vertoon van die verlose volk van die verbond met die HERE nie. Hulle einde sal die gevolg wees van hulle lewenswyse.

8:5 deur te sê/dink: 'Wanneer is die dag van die nuwemaan tog verby dat ons graan kan verkoop, en die Sabbat, om graan te open (te koop aanbied) met 'n kleiner efa en 'n groter sikkel en bedrieglike gebruik van die weegskaal!'

Op die eerste dag van elke maand word dankoffers en sondeoffers vir die HERE gebring (Num 28:11-15). Maar die besigheidsmanne dink nie op die Nuwemaansfees om die HERE te dank vir hulle lewe en hulle voorspoed deur die maand, of om boete te doen vir hulle oortredings van sy wil nie. Die weeklikse Sabbatdag moet aan die HERE gewy word om te besef dat die HERE hulle geheilig het om hulle aan Hom toe te wy (Eks 31:13,15). Die skelm handelaars dink nie aan die HERE en sy riglyne nie, maar aan bedrieglike maniere om wins te kry.

Hulle sê by hulleself, die woord kan ook met 'dink' vertaal word – die HERE ken egter mense se gedagtes (Ps 94:11), van ver af verstaan (Ps 139:2). Hy weet dat die graanhandelaars van Samaria die feesdae vervelig vind en dat hulle smag na die volgende dag se graanverkope en hoeveel hulle daaruit gaan maak. Om graan oop te maak verwys na die sakke waarin die graan gebêre word of die stoorplekke oopmaak.

'n Efa was 'n inhoudsmaat van ongeveer 22 liter; 'n sikkel ongeveer 11.4 gram silwer. Destyds was daar nog nie munte nie en is los silwerstukke op die skaal geplaas. Maar wanneer die valse handelaar graan afweeg vir 'n koper, gebruik hy 'n maat wat minder as 22 liter bevat. En as die koper se silwer afgeweeg word op die skaal met twee bakke, is die handelaar se gewigte in die bak met sy swaarder sikkels, sodat die koper meer silwer op die ander bak moet sit om die skaal te laat balanseer. Die Hebreeuse woord vir twee skaalbakke kan ook vertaal word met 'n valse skaal. Dieselfde woord word gebruik vir buig, wat kan beteken dat die skaal se dwarsbalk gebuig is om die een kant swaarder te maak as

die ander; alles plannetjies wat die handelaars op die Sabbat en Nuwemaansfees uitdink om die kopers te bedrieg.

In Levitikus 19:35-36 sê die HERE, die God wat Israel uit Egipte laat wegtrek het: 'Julle mag nie bedrog pleeg wanneer julle meet of weeg of inhoud bepaal nie. Julle moet 'n betroubare skaal en die regte gewigte en inhoudsmate gebruik. Gehoorsaam al my voorskrifte en leef daarvolgens (vgl. ook Deutr 25:13-16; Spr 11:1 die HERE het 'n afsku van 'n skaal wat nie reg weeg nie; Spr 20:10,23).

*8:6 'So koop ons die armes vir geld en 'n behoeftige in nood,
vir 'n paar sandale
en ons verkoop selfs uitskotgraan.'*

Die ryk handelaars bedink op die Sabbat nie slegs hoe om met elke transaksie onregverdige wins uit die eiendom van die armes te maak nie, maar tas ook hulle persoonlike vryheid aan. As die arme se skuld by die handelaar opgeloo het tot by die prys van 'n slaaf, kom bied die man homself aan as 'n slaaf om as slaaf kos te kry vir hom en sy gesin. En die prys vir 'n slaaf word so vernederend afgebring dat dit dieselfde is as die prys vir 'n paar sandale. Daarby is dit koring van swak gehalte wat die handelaar aan die armes teen 'n verhoogde prys verkoop.

Skrywer: Prof Francois Malan

Johannes die Doper en Elia –

Hermie van Zyl

Vraag: Zanke vra:

In Matteus 11:13 word gesê: “Al die profete en die wet het tot op Johannes geprofeteer, en as julle dit wil aanvaar: Johannes is die Elia wat sou kom.”

En in Matteus 17:11 staan daar: “maar Ek sê vir julle Elia het al gekom, maar hulle het hom nie herken nie en met hom gemaak net wat hulle wou.” En vers 13: “Toe het die dissipels verstaan dat Hy (Jesus) met hulle van Johannes die Doper gepraat het.”

Maar dan staan daar in Johannes 1:21 dat Johannes die Doper van homself gesê het dat hy *nie* Elia is nie.

So, ek wil graag beter verstaan: Was Johannes die Doper Elia of het hy net dieselfde eienskappe gehad en gekom “in dieselfde gees en krag as Elia” (Lukas 1:17)?

Antwoord

Prof Hermie van Zyl antwoord:

Daar is 'n duidelike tendens in die Evangelies wat Johannes die Doper verbind met Ou-Testamentiese tradisies. So vind ons in al vier Evangelies die gedagte dat die Doper verbind word met Jesaja 40:3-5. Hierdie teks word in Matteus 3:3, Markus 1:3, Lukas 3:4 en Johannes 1:23 aangehaal. Dit ondersteun die gedagte dat die Doper gekom het *om die weg van die Here (= Jesus) voor te berei*. Die Jesaja-teks vertel dat die Jode sal terugkeer uit die Babiloniese ballingskap na Palestina (6e eeu vC), en dat 'n grootpad deur die woestyn gereed gemaak moet word hiervoor. Die Here sal vir sy volk die pad huis toe gelyk maak om verlossing vir hulle te bewerkstellig. Hierdie gedagte word nou deur die Evangelies toegepas op die koms van die Verlosser, Jesus Christus, wat sy volk van hulle sondes sal

verlos, en die Doper is die een wat die pad vir Jesus reguit maak.

'n Ander Ou-Testamentiese tradisie waarby die Evangelies aansluit, is die gedagte dat die *profeet Elia* die wegbereider vir die Here se groot dag van verlossing sal wees. In die eeue voor die Christelike era, en ook kort daarna, het die Jode verwag dat Elia sou kom om die dag van die Here in te lui, 'n verwagting wat waarskynlik sy oorsprong het in die vermoede dat Elia nooit gesterf het nie, maar direk in die hemel opgeneem is (vgl 2 Konings 2). Die konsep dat Elia weer sou kom om die dag van die Here aan te kondig en voor te berei, word in 'n hele paar voor-Christelike, buite-Bybelse Joodse geskrifte gevind, asook in die Bybelboek Maleagi 3:1 en 4:5. Die Evangelies van Matteus, Markus en Lukas sluit by hierdie tradisie aan, maar pas dit toe op die optrede van Johannes die Doper as die wegbereider van die Here Jesus Christus. Met ander woorde, die Doper is niemand anders nie as Elia wat sou kom (vgl Matteus 11:13-14; 17:9-13; Markus 9:11-13; Lukas 1:17).

Die interessante is egter dat die Johannesevangelie nie die opvatting van die eerste drie Evangelies omtrent die identifisering van die Doper met Elia, huldig nie. Trouens, die Doper self *ontken* in soveel woorde dat hy Elia is (Johannes 1:21). Waarom hierdie verskil in siening tussen die Johannesevangelie en die ander Evangelies omtrent die identifisering van die Doper met Elia? Verskeie oplossings is al aan die hand gedoen vir hierdie diskrepansie, waarvan ek 'n paar noem, en dan afsluit met die verklaring wat ek dink die mees waarskynlike is.

Eerstens, daar is voorgestel dat die Doper, wanneer hy ontken dat hy Elia is, bedoel dat hy nie in die fisiese en persoonlike sin van die woord Elia is nie. Om dit pront te stel, hy is nie Elia wat herleef het nie; hy is nie die reïnkarnasie van Elia nie. Die konsep van die herlewing van 'n Ou-Testamentiese figuur is nie so vergesog nie, want Lukas

9:7-8 berig byvoorbeeld dat daar mense was wat sulke “herlewingsgedagtes” oor *Jesus* gekoester het. Hulle het geglo Hy is moontlik Johannes die Doper wat uit die dood opgewek is, of Elia wat verskyn het, of een van die profete uit die ou tyd wat opgestaan het. Die Doper wil dus met sy ontkenning net alle twyfel uit die weg ruim: hy is nie Elia wat herlewe het nie. Hierdie oplossing impliseer dat daar nie regtig 'n verskil tussen die eerste drie Evangelies en die Johannesevangelie is nie. By eersgenoemdes is dit *Jesus en die Evangeliste* wat die verband lê tussen die Doper en Elia, nie die Doper self nie. Hierdie Evangelies bedoel dit ook nie letterlik nie, maar metafories, soos Lukas 1:17 suggereer – dat die Doper in die gees en krag van Elia opgetree het. Die Johannesevangelie lê dus eintlik net die klem daarop dat dit nie die *Doper self* is wat hierdie verband tussen hom en Elia gelê het nie. En verder, dat hy alle misverstand uit die weg wou ruim: Hy is nie dieselfde Elia van die Ou Testament wat fisies herleef het nie.

Hoewel daar waarheidsmomente in hierdie oplossing is (bv dat die Doper nie 'n soort reïnkarnasie van Elia is nie), is dit in terme van die Johannesevangelie se samestelling en eie oogmerke nog nie die volledige oplossing nie.

Tweedens, daar is aan die hand gedoen dat die Johannesevangelie in die tyd toe dit tot stand gekom het 'n gedagte wou afwys wat by 'n Johannes die Doper-splintergroep (= aanhangers van die Doper lank nadat hy nie meer daar was nie) voorgekom het. Hierdie groep sou dan die Doper as Elia gepropageer het omdat hulle Elia as 'n messiaanse figuur voorgehou het. By implikasie sou die Doper dan die eintlike messias gewees het en nie Jesus nie. Daar heers egter onsekerheid by geleerdes of daar messiaanse verwagtings rondom Elia was in die tyd toe die Johannesevangelie geskryf is, en verder is dit ook nie duidelik of die splintergroep aan Johannes die Doper as Elia gedink het nie. Hierdie oplossing het dus nie baie veld gewen nie.

Derdens, die oplossing wat myns insiens die meeste gewig dra, is die gedagte dat in die Johannesevangelie die rol van Elia gereserveer word vir *Jesus*, nie vir die Doper nie. Enige identifikasie tussen die Doper en Elia word dus deur die Johannesevangelie vermy. Vandaar die eksplisiete ontkenning van die Doper – hy is *nie* Elia nie. Die Doper is hoogstens iemand wat *getuig* omtrent Jesus, 'n “stem roepende in die woestyn” wat die pad van die Here reguit maak (Johannes 1:17). Nog meer, *Jesus* is volgens die Johannesevangelie alles wat die Doper omtrent homself ontken het: die Messias, Elia en die profeet (Johannes 1:19-21).

Met betrekking tot Elia het verskeie geleerdes gewys op die ooreenkomste tussen Elia en Jesus in die Johannesevangelie, wat die gedagte versterk dat die Vierde Evangelie Jesus as die vervulling van alle Joodse verwagtinge wou teken, insluitende die verwagting dat Elia in die eindtyd sou terugkeer. Dit word egter nie in soveel woorde verkondig nie, maar vir die lesers wat geskool was in die Ou Testament sou die ooreenkomste tussen Elia en Jesus in die Johannesevangelie opvallend gewees het. Byvoorbeeld, die temas van lewe en dood is prominent in die Ou-Testamentiese tekste wat oor Elia handel. Elia is die verteenwoordiger van die lewende en ware God wat oor lewe en dood beskik, en oor sy skepping regeer. Geen wonder nie dat die skrywer van die Johannesevangelie juis hierdie temas in die lewe van Jesus prominent plaas. Baie geleerdes wys byvoorbeeld op die ooreenkomste tussen 1 Konings 17:17-24 (die opwekking van die weduwee van Sarfat se seun deur Elia) en Johannes 4:46-54 (die genesing/opwekking van die regeringsamptenaar se seun deur Jesus) asook Johannes 11 (die opwekking van Lasarus), en beweer selfs dat die Johannesevangelie sy weergawes van hierdie gebeure gemodelleer het op die 1 Konings-gebeure. En so is daar ook die ooreenkomste tussen Elia se gebed tydens die Baäl-episode (1 Konings 18:36-37) en die begin van Jesus se gebed in Johannes 17:1-5. Wat hier uitstaan is die verheerliking van die enigste en ware God, beide deur Elia en Jesus. Talle ander

ooreenkomste kan nog uitgewys word, maar bostaande is voldoende om die gedagte tuis te bring dat die skrywer van die Vierde Evangelie op 'n subtiele manier die band tussen Elia en Jesus gelê het, om so te wys dat Jesus, en nie die Doper nie, die eintlike Elia is wat sou kom.

Om saam te vat: Is daar 'n teenstrydigheid tussen die eerste drie Evangelies en die Johannesevangelie omtrent Johannes die Doper en Elia? Gesien vanuit bostaande uiteensetting moet ons sê, nee, dis net oënskynlik so. 'n Mens moet eerder oog kry vir die spesifieke oogmerke van elke Evangelie, dan word die sogenaamde teenstrydighede nie strydpunte nie maar maniere om die unieke boodskap van elke Evangelie te ontdek. So gesien wou die eerste drie Evangelies aansluit by die ooreenkomste tussen die Doper en Elia, waardeur veral die oproep tot bekering beklemtoon is. So is die pad voorberei vir die koms van die Messias, Jesus van Nasaret. Die Johannesevangelie sluit ook by hierdie voorbereidende werk van die Doper aan ("maak die pad van die Here reguit"), maar doen dit nie met 'n beroep op Elia nie omdat hy laasgenoemde rol vir Jesus reserveer. *Jesus* is die nuwe Elia, nie die Doper nie.

Skrwer: Prof Hermie van Zyl